NG GEMEENTE DOORNPOORT

VAKATURE: SENIOR LERAAR

GEMEENTEPROFIEL:

Doornpoortgemeente is ’n voorstedelike gemeente aan die Noordekant van Pretoria. Doornpoort is ’n betreklik nuwe woonbuurt wat hoofsaaklik uit woonhuise en meenthuise bestaan. Die gemeente het ’n kontemporêre en informele bedieningsstyl met ’n sterk fokus op die geestelike transformasie van lidmate om as gestuurdes anders te leef. Die gemeente bestaan uit ongeveer 2 700 lidmate waarvan ’n derde dooplidmate is.

Die gemeente word tans deur twee voltydse leraars en ’n tentmaker met opdrag seniorjeug bedien. Dié geadverteerde pos is vakant as gevolg van die feit dat die huidige leraarspaar onderskeidelik ’n benoeming na die Teologiese Fakulteit van Stellenbosch en ’n beroep na die NG Gemeente Oostersee ontvang het.

LERAARSPROFIEL:

- ’n Dinamiese en Skrifgetroue prediker.
- ’n Innoverende leier wat in spanverband kan leiding gee en wat goeie menseverhoudings handhaaf.
- Ten minste 10 jaar bedieningsondervinding.
- Ervaring van gestuurde teologie en geestelike formasie deur die beoefening van verskeie geestelike dissiplines.
- Die vermoë om lidmate van alle ouderdomme te kan bedien.
- Artikel 9 van die Kerkorde vorm die basis van die diensooreenkoms.

VERGOEDING:

Volgens die riglyne van die Algemene Sinode met ’n huistoelaag.

AANSOEKE:

- Aansoeke moet vergesel word van ’n volledige CV en die name van drie referente.
- Kandidate moet beskikbaar wees vir ’n onderhoud en ’n moontlike preekbeurt.
- Die kerkraad behou die reg voor om geen aanstelling te maak nie en die reg om inligting te kontroleer word voorbehou.

RIG AANSOEKE AAN:

Die Saakgelastigde, e-pos: skriba-ngd@lantic.net

NAVRAE: Esta Louw (Gemeentekoördineerder), Tel: 084 724 4527

SLUITINGSDATUM: 31 Januarie 2012 met die oog op die uitbring van ’n beroep in Maart 2012.